HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

6 April 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Welkom by Hoogland!

Ons is so bly om jou vandag hier te hê, of jy 'n nuwe lidmaat of besoeker is, mag jy deel voel van ons Hoogland Geloofsfamilie – hier is 'n plek vir jou!

Ds. Pieter sien daarna uit om jou te ontmoet. Kom maak gerus ná die erediens kennis voor in die kerkgebou. As jy enige vrae het, gaan gesels met ons Gemeentedienste-dame in die Voorportaal – sy is by die tafel by die Hoofingang en help graag.

Wil jy meer met ons verbind?

Kontak Annalize in die kerkkantoor of besoek ons webwerf: www.pehoogland.co.za. Ons hoor graag van jou! Neem ook gerus 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurevakkies – dit het nuttige inligting om jou welkom te laat voel.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
GEEN GVG a.g.v. skoolvakansie

Deurkollekte: Sin Jeug

Program vir die week

Maandag: 7 April
10:00 Gebedsaksie: Gebedskapel
18:00 Kuierfees-konvenors vergadering
Dinsdag: 8 April: Skole open
Woensdag: 9 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
Donderdag: 10 April
19:00 Kerkraadsvergadering
Vrydag: 11 April
05:15 Mannebediening
Saterdag: 12 April
10:00 Dorings & Daisies

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Hoogland bid saam met jou...
Het jy 'n gebedsversoek? Stuur dit ge-rus vertroulik via *WhatsApp* na 079 815 9325.
Ons staan saam in gebed.

Hoogland gee om! As jy of 'n naasbestaande in die hospitaal opgeneem word, laat weet asseblief die **Kerkkantoor** of stuur 'n ***WhatsApp* na 079 815 9325**. Ons **hospitaalspan** wil graag kom inloer, 'n bemoedigende woord deel en vir julle bid.

Kom kuier en help ons om die Kuierfees 'n groot sukses te maak!

Die opwinding bou op na die jaarlikse Kuierfees @ Hoogland, en ons het jou hande en hart nodig om hierdie dag ekstra spesiaal te maak!

Hoe kan jy help?

Ons is op soek na 'n paar items om die dag nog lekkerder te maak:

- Roomysbakke (2L en 5L) – perfek vir heerlike tuisgemaakte bederf!
- Glasbottels van enige grootte – ons het 'n kreatiewe plan vir hulle!
- Veilingitems – dalk 'n spesiale skenking, wildsvleis of iets unieks?
- Handwerk & ingelegde produkte vir die Plaasstal – wys jou talente!
- Tombola-items – skoon en bruikbare huisitems, speelgoed, boeke en verrassings!

Wil jy inspring en help?

Gesels met Leon of Kitty as jy wil bydra.
Jy kan jou skenkings Sondae by die Voorportaal of weeksdae (08:00 - 13:00) by die Kerkkantoor afgee.

Saam gaan ons 'n Kuierfees skep vol kuier, lekker eet en kosbare oomblikke!

Uit die hart...wees `n lepel

Die wêreld waarin ons leef moedig ons aan om te bou, te hou en te beheer. Wat jy het, moet jy beskerm (jou tyd, besittings, geld, ens.) en bewaar (emosionele energie, geestesgesondheid, ens.). In aansluiting by Sondag se tema (God beweeg ons tot leegmaak) kom wys Maria vir ons iets anders: wanneer jy gee sonder om terug te hou, is daar die potensiaal dat iets goddelik kan gebeur. Dit raak mense. Dit laat ’n geur agter.

In Johannes 12 breek Maria ’n fles nardusolie – iets uiters kosbaar – en gooi dit uit op Jesus se voete. Sy doen dit nie uit plig nie. Sy doen dit nie vir applous nie. Sy gee omdat sy liefhet. Sonder berekening. Sonder self-behoud. En Jesus sê: “Laat haar begaan.”

Hierdie is ’n uitnodiging aan ons om anders te leef. In plaas van ’n vurk wat neem, of ’n mes wat sny en beheer, kan jy ’n lepel wees – iemand wat optel, aanstuur, dra. ’n Lewe van leegmaak is nie ’n lewe van verlies nie, maar dit werk andersom: dit is ’n lewe wat vol raak. Dis ’n lewe van impak.

Dalk is jou lepel hierdie week ’n gebed vir iemand anders, ’n boodskap van hoop, ’n keuse om te vergewe of dalk is dit om jou tyd te gee waar jy niks terug verwag nie.

God beweeg ons tot leegmaak – nie omdat Hy ons wil beroof nie, maar omdat Hy ons wil gebruik. Mag jou lewe hierdie week iets van Christus se geur agterlaat.

Wees ’n lepel...

Groete ... Pieter